CVO SKOOL BETHLEHEM

ALGEMENE REËLS

- Die skoolreëls van hierdie skool is van toepassing op alle leerlinge tydens skoolure, of wanneer leerlinge in skooldrag geklee is, of wanneer leerlinge as 'n groep na skoolure, beweeg.
- Die naam van God Drie-enig of, enige ander vorm van sy Naam, mag onder geen omstandighede ydellik gebruik word nie.
- Geen leerstelling wat in stryd is met die Calvinisties Protestants Gereformeerde leer sal hoegenaamd in die skool toegelaat word nie.
- Ander vloekwoorde en kragwoorde besoedel ons moedertaal en mag dus ook nie gebruik word nie.
- Die optrede van leerlinge teenoor alle meerderes moet van respek getuig. Die korrekte aanspreekvorm moet altyd gebruik word, en teëpraat sal nie geduld word nie.
- Wanneer die klok aan die begin van die dag of aan die einde van pouse lui, moet leerlinge dadelik in hulle rye inval.
- Geen leerling mag die skoolterrein tydens skoolure sonder die toestemming van die skoolhoof of sy gemagtigde, verlaat nie.
    - Versoek om terreinverlating moet skriftelik geskied.
    - Met afhaal van die kind, meld die ouer by die kantoor aan; waarop die sekretaresse (of skoolhoof) die kind sal gaan haal. Kinders wag nie buite die klas nie.
    - Ouers gaan geensins direk na die klas nie.
    - In geval van 'n onverwagte situasie/siekte/krisis, meld ouer steeds by die kantoor aan.
- Geen leerling mag die amptelike telefoon van die skool sonder toestemming en sonder die toesig van die skoolhoof of sy gemagtigde gebruik nie.
- Leerlinge mag nie selfone, mp3, mp4, iPods of enige soortgelyke items tydens skoolure gebruik nie.
- Leerlinge mag nie rook nie.
- Geen kougom mag tydens skoolure gekou word nie.
- Alkohol, of enige ander vorm van dwelmmiddel mag nie deur enige leerling van hierdie skool gebruik word nie.
- Geen leerlinge mag pouses in die klasse wees nie.
- Geen leerlinge mag pouses in die personeelkamer wees nie. Daar is 'n persoon buite wat aan diens is wat dringende sake sal hanteer.
- Geen onsedelike of suggestiewe gedrag, optredes, praatjies of grappe word toegelaat nie.
- Geen vorm van geweld, intimidasie of afknouery sal toegelaat word nie.
- Geen besoekers vir of gaste van leerlinge sal toegelaat word nie.
    - Besoekers, insluitende ouers, mag geensins gedurende skoolure oor die skoolgronde, of tussen of na die klasse beweeg nie. Dit steur die onderrigproses onnodig. Indien ouers 'n onderwyser wil spreek, word dit via die skoolhoof gedoen. Indien dit 'n privaat-aangeleentheid is, d.w.s. nie betrekking op skoolwerk of ander skoolaktiwiteit het nie, moet ouers nogtans eers by die kantoor aanmeld; waarop óf die hoof óf sekretaresse die betrokke onderwyser sal gaan roep; meestal aan die einde van die periode - alhoewel in geval van dringendheid, dit dadelik sal geskied.
- Geen leerling mag op die stoepe hardloop nie.
- Daar mag nie in badkamers gespeel word nie.
- Die kleuterskoolterrein is buite perke vir enige leerling.
- Fisiese kontak tussen seuns en meisies, tydens skoolure of in skooldrag, word verbied.

NETHEID

Seuns: Hare: Netjies en kort. Geen strepies, kleursel of “highlights” sal toegelaat word nie.
Algemeen: Geen juweliersware, anders as polshorlosie.
Naels skoon en kort geknip.
Slegs tradisionele lapelwapens bv. Ou landsvlag

Dogters: Hare: Vasgemaak indien dit aan die onderkant van die hempskraag raak.
Kuif moet nie in oë hang nie, steek vas.
Haarbykomstighede slegs in skoolkleure.
Geen kleursel of sonstrepies sal toegelaat word nie.
Algemeen: Geen juweliersware anders as polshorlosie.
Oorkrabbertjies: Goud/ Silver/ Pêrel “studs” of ringetjies van 1 cm deursnee.
Geen gekleurde oorbelle
Net een krabbertjie in elke oor.
Geen grimering.
Naels skoon en kort geknip. Slegs kleurlose naellak word toegelaat.

SKOOLDRAG

Laerskool:

Dogters:

Somer:

Groen-en-wit rokkies
Wit sokkies met 'n omvou en swart skoene of kaalvoet.(geen "secret socks")

Winter:

Bottelgroen langbroek
Wit langmouhemp
Skooldas
Wit sokkies met 'n omvou en swart skoene.(geen "secret socks")
Saam met die skooldrag kan 'n bottelgroen "drimac", groen trui of groen skool sweetpakbaadjie gedra word.

Sport:

Die groen broekrompie met die bottelgroen sporthempie
Die skool sweetpak. (Indien die Vrystaat sweetpak gedra word, die wit golfhemp)
Wit sokkies en netjiese tekkies. (Geen liggies en/of wiele nie)

Seuns:

Somer:

Grys kortbroek
Grys kortmouhemp
Grys kouse en swart/bruin skoene of kaalvoet (Geen stewels)

Winter:

Grys langbroek
Grys langmouhemp
Grys kouse met swart/bruin skoene (Geen stewels)
Skooldas
Saam met die skooldrag kan 'n bottelgroen "drimac", groen trui of groen skool sweetpakbaadjie gedra word.

Sport:

Navy blou "PT" broek en bottelgroen sporthempie
Die skool sweetpak. (Indien die Vrystaat sweetpak gedra word, die wit golfhemp)
Wit sport kouse en netjiese tekkies. (Geen liggies en/of wiele nie)

Hoërskool:
Dogters:

Somer:

Skoolrompie
Wit hemp
Skooldas
Groen "Bobby socks"
Saam met die skooldrag kan 'n bottelgroen "drimac", groen "pullover", groen trui, groen skool sweetpakbaadjie of groen kleurbaadjie gedra word.

Winter:

Soos bo maar met dik lang swart sykouse

Sport:

Die bottelgroen sporthempie
Die skool sweetpakbroek met 'n blou kortbroek daaronder. Die kortbroek mag slegs alleen gedra word terwyl sport beoefen word.
Die skool sweetpak. (Indien die Vrystaat sweetpak gedra word, die wit golfhemp)
Wit sokkies en netjiese tekkies. (Geen liggies en/of wiele nie)

Seuns:

Somer:

Grys kortbroek
Wit kortmouhemp
Grys kouse en swart/bruin skoene (Geen stewels)

Winter:

Grys langbroek
Wit langmouhemp
Grys kouse met swart/bruin skoene (Geen stewels)
Skooldas
Saam met die skooldrag kan 'n bottelgroen "drimac", groen trui, groen skool sweetpakbaadjie of groen kleurbaadjie gedra word.
Indien die seun 'n langbroek in die somer of winter dra moet 'n das aangesit word.

Sport:

Navy blou "PT" broek en bottelgroen sporthemp
Die skool sweetpak. (Indien die Vrystaat sweetpak gedra word, die wit golfhemp)
Wit sport kouse en netjiese tekkies. (Geen liggies en/of wiele nie)

AKADEMIESE REËLS

- Alle huiswerkopdragte deur leerkragte gegee, moet gedoen word. Alle leerlinge moet huiswerkboeke hê.
- Huiswerk mag nie afgeskryf word nie. Eie werk moet deurgaans gedoen word.
- Daar mag onder geen omstandighede tydens lesperiodes gekou of geëet word nie.
- Wanneer toetse of eksamen afgeneem word, sal die eksamenreëls van die skool geld.
- Enige leerling wat tydens 'n lesperiode enige klaskamer wil betree, moet die toestemming van die betrokke leerkrag verkry voordat enige ander taak of aksie uitgevoer word.
- Geen leerling mag laat vir 'n klas opdaag nie.
- Geen leerling mag enige fotostate maak nie, behalwe met die toestemming van 'n leerkrag, en nadat hy/sy eers by die sekretaresse aangemeld het.
- Wanneer 'n leerkrag nie vir 'n betrokke periode beskikbaar is nie, word die periode geag 'n studieperiode te wees. Tydens 'n studieperiode moet elke leerling op 'n stoel by 'n tafel sit en studeer. Geen geselsery of rondlopery word toegelaat nie. Geen rekenaarspeletjies tydens studieperiodes nie. Leerlinge mag ook onder geen omstandighede buite rondloop of speel nie. Leerlinge kom meld afwesigheid van leerkrag by skoolhoof aan.

- Die rekenaarsentrum is daar vir rekenaarstudie en rekenaar-geletterdheid. Geen leerlinge word daar sonder toesig van 'n onderwyser toegelaat nie.
- Onder geen omstandighede mag 'n leerling in 'n ander klas of op 'n ander plek wees as dié klas waar hy/sy op 'n gegewe tydstip veronderstel is om te wees nie.
- Wanneer die klok lui om die einde van 'n periode aan te kondig, moet die leerlinge reageer op die opdrag van die onderwyser. Dit geld nie wanneer daar nie 'n onderwyser in die klas is nie.

EKSAMENREËLS

- Leerlinge mag slegs eksamen skryf in die lokaal soos deur die skoolhoof of sy gevolmagtigde leerkrag vir die doel aangewys.
- Wanneer 'n eksamen in enige vak afgeneem word, sal daar deur 'n leerkrag(te) soos deur die skoolhoof bepaal, toesig gehou word.
- Geen vorm van kommunikasie met enige persoon, behalwe die toesighouer(s), sal toegelaat word nie.
- Leerlinge mag nie tydens die afneem van die eksamen van hulle stoele opstaan nie. Die toesighouer(s) sal na die leerling gaan.
- Geen notas of aantekeninge, in enige vorm, mag hoegenaamd in besit van 'n leerling tydens enige deel van die eksamensessie wees nie.
- Tydens die afneem van die eksamen moet daar te alle tye absolute stilte wees.
- Niemand mag die eksamenlokaal verlaat alvorens alle leerlinge nie klaar geskryf het nie.
- Antwoordstelle sal ook nie voor die tyd deur toesighouers ingeneem word nie.
- Leerlinge wat voor die tyd klaar is met die beantwoording van die vraestel, mag nie rondkyk nie.
- Tydens die studiesessies geld dieselfde reëls soos hierbo.
- Geen eet- of drinkgoed mag in die eksamenlokaal ingeneem word nie.
- Wanneer toetse geskryf word, geld alle eksamenreëls soos hierbo uiteengesit.
- Toetse moet deur ouers geteken word en die volgende dag teruggestuur word.
- By die aflê van die finale eksamen in matriek, geld bogenoemde reëls nie, maar word die reëls en regulasies van die toepaslike eksamenraad toegepas.